Preeknotas vir Vrydag 20 Junie 2008.
Tema : Gebed ontsluit God se gawes(hulp/seën) aan ons



Lees Lukas 18:[1-8] Lees weer *vers* *[7]Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom **roep**(bid), reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? [8]Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook! "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog **geloof** op die aarde vind?"* **Jakobus 1** *[5]As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God **bid**, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. [6]Maar 'n mens moet **gelowig** bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.* **1 Johannes 5** *[14]En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons **gebede verhoor** as ons enigiets volgens sy wil vra. [15]En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.* **Lukas 11** *[9]"Ek sê vir julle: **Vra**, en vir julle sal gegee word. **Soek**, en julle sal kry. **Klop**, en vir julle sal oopgemaak word. [10]Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.* **Jeremia 33** *[3]**Roep** My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.* **Johannes 14** *[13]Wat julle ook al **in my Naam vra**, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. [14]As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."* **Johannes 15** *[7]As julle **in My bly** en my woorde in julle, **vra** dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. [8]My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."... [16]Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al **in my Naam** vra.* **Johannes 16** *[23]Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie."Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al **in my Naam** sal **bid**, sal Hy vir julle gee. [24]Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. **Bid**, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* Lees ook **Numeri 23** [19] *God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?*

Inleidend: Ons is besig met die reeks Dien die Here met jou gawes: Die gawe van gebed. Hoekom gebed ? Intimiteit met God (verlede week): Verryking deur God – Onderstaande tekste maak dit baie duidelik. Daar is 'n direkte verband tussen gebed en God se gawes/hulp/seën aan ons. God belowe as ons bid sal Hy verhoor.
In ons teksverse hoor ons 7 beloftes. Belofte no 1 sê dat ons altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word want ***God sal help en gou ook***. Belofte no 2 stel onomwonde dat as ons ***wysheid vra van God sal Hy dit gee.*** Belofte no 3 maak duidelik dat waar ons vra, soek en klop die uitkoms gewaarborg is. ***Ons sal ontvang, vind en oop deure kry.*** In drie agtereenvolgende hoofstukke in Johannes kry ons beloftes no 4-6. ***Jesus sal doen wat ons in Sy Naam vra.*** Die ***Vader sal doen wat ons ook al in die Naam van Jesus vra***. Hy verseker dit 'n derde keer: ***Wat ons die Vader ook al in Sy Naam vra, sal Hy vir ons gee***. Bid en julle sal ontvang. Hoekom sal God dit doen? Belofte no 7 sê omdat God nie kan lieg nie. ***God is 'n waarmaker van Sy beloftes.*** Gebed ontsluit God se gawes aan ons.
Daar is egter sekere "voorwaardes" daaraan gekoppel. Die een is volgens die wil van die Vader (1 Joh 5 [14]); die tweede is in geloof (Luk 18:[9], Jak 1:[6]); die derde is in die Naam van Jesus Joh 14:[13]; 15:[16]; 16:[23]); die vierde gaan oor die eer van God en die vyfde gaan oor volharding(Luk 18:[1])

Hoe lyk so 'n gebed in die Here se Woord. Ons tref dit aan in **1 Kron 4:** *[9] En Jabes was meer geëerd(eerbaar) as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar. [10] En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het. (1953 Vertaling)* **1 Kron 4:** *[9]Jabes het voorrang geniet bo sy broers. Toe sy ma hom die naam Jabes gegee het, het sy gesê: "Ek het hom met smart in die wêreld gebring." [10]Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het.(1983 vertaling)*

1. **Stort U seën oor my uit:**



- Intensiewe vorm.
- Persoonlik.Verskil tussen selfsug en selfbelang.
  Vb van koek wat ek eet en nie offer nie; ander wil nie hê nie
- Dit gaan oor Gód se seën. Hy wíl dit gee. Voorbeeld van pa wat seën.
- Ons mag/móét daarvoor vra Mat 7:7. Julle het nie omdat julle nie vra nie.
- Gebed met 'n sterk versugting. **Luk 6**:38 *"Gee en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol sal hulle in julle hande lê."* **Hand 20**:35 *Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."*

2. **Vergroot my grondgebied**



- Kyk verby die grense na die horison. Alles in lyn met daardie visie en onder daardie supervisie/beheer.
- Gaan oor invloedsfeer/bediening/liggam van christus wees
- Groter land/bediening vir God – Hy kry die eer
- Vra vir 'n alreeds vol program om nog voller te word/ongemak
- Wil jy regtig God vertrou vir groter grondgebied? Vra dan daarvoor!
- Persoonlike getuienis. Jabes gebed, gebid en aangebied.
- Promise Keepers Konferensie- Fresno, California, 45,000 mense

3. **Hou U hand by my**

- Wanneer dinge handuit ruk, buite beheer- afhanklikheid + vertroue op God – bring Hom die eer
- God se hand – kragtige hand- Jesus aan die regter hand van die Vader – Mag
  Jos 4:24 *dat al die volke van die aarde kan weet* ***dat die hand van die HERE sterk is****, sodat julle die HERE julle God altyd mag vrees.* **Isa 59:**1 *Kyk,* ***die hand van die HERE is nie te kort om te help nie****, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;* **Hand 4** 29*"En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig.* 30*Laat* ***u hand genesing bring****, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus."*
  Mar 1:41 *En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en* ***die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig!*** **Hand 11**:20 *En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het.* 21 *En* ***die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer****.* **Eks 6:**1 *(5:24) Daarop het die HERE Moses geantwoord: Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen. Want* ***deur 'n sterke hand*** *sal hy hulle laat trek, ja,* ***deur 'n sterke hand gedwing, sal hy hulle uit sy land uitdrywe****.* **Eks 6**:5 *Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die HERE is,* ***as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei.***
- **Sag4:**6 *Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik:* ***Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare.***
- Voorbeeld van kind op glybaan. Gaan oor vertroue – onverdeelde hart - geloof
  2 Kron 16:9 ***want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is;***

4. **Weerhou onheil/bose van my sodat geen smart my tref nie**

- Satan loop rond soos 'n brullende leeu
- Voorbeeld van Bruce Wiklenson na suskesvolle bedieningsnaweek op pad lughawe toe. Hy is moeg, weerstand is swak en bid Jabes gebed: ***weerhou my van onheil vandag***. Jesus leer ons om te bid:..*en lei ons nie in die versoeking nie maar verlos ons van die bose*. (Mat 6:13). Soos wat God jou seën en bedieningsterrein vergroot, jou bonatuurlik help so sal die aanvegtinge meer raak. UAE het besondere impak op ons.

5. **Welkom tot die ererol. Jabes was eerbaarder as sy broers**